NG KERK IN OOS-KAAPLAND

SAKELYS VIR 'N VERGADERING VAN LEDE VAN DIE MODERATUUR OP 27 OKTOBER 2004 TE PE-HOOGLAND

1. OPENING

Die voorsitter, ds EGJdeG Schutte, open met gebed.

2. PRESENSIE

Ds EGJdeG Schutte - Voorsitter
Dr ACV van Wyk - Onder-Voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton - Skriba

3. SAKE VERWYS NA DIE LEDE VAN DIE MODERATUUR

3.1 Streekskonvent(e)

3.1.1 Opdrag en agtergrond

3.1.1.1 Die moderatuur is versoek om 'm aanbeveling oor die hou van 'n streekskonvet(e) te maak. Verwysing: SK-Dagbestuur Notule 2004-07-29 pt 5.1.1

3.1.1.2 Ringe is versoek om hiervoor te begroot. Terugvoer is van twee ringe ontvang - verwys Bylae O en V op die Sakelys van die SK-Dagbestuur 2004-10-28.

3.1.2 Aanbeveling aan die SK-Dagbestuur:

3.1.2.1 Die finale beplanning van die streeks-konvent(e) word in oorleg met die gespreksgenote gedoen.

3.1.2.2 Die **doel** met Oos-Kaapse Streekskonvente is dat lidmate uit verskillende agtergronde mekaar op grondvlak leer ken en hul lewens en omstandighede met mekaar deel, sodat 'n gemeenskaplike roeping op grondvlak ontdek en kerkeenheid prakties uitgeleef kan word.

3.1.2.3 Die NGK, VGK, NGKA en RCA word uitgenooi.

3.1.2.4 Drie streekskonvente word gehou: in Port Elizabeth; Queenstown, en Graaff-Reinet.

3.1.2.5 Ringsgrense tussen die verskillende sinodes verskil, sodat ringsgrense nie werklik as uitgangspunt vir deelname aan die streekskonvente gebruik kan word nie. 'n Indeling van gemeentes word dus as uitgangspunt gebruik vir inskakeling by die verskillende konvente.

3.1.2.6 Die SK-Dagbestuur taak die moderatuur om uitvoering te gee aan die beplanning.

3.1.2.7 Teikendatum: Tweede kwartaal 2005. Drie Saterdae word gebruik ten einde die proses vir soveel moontlik lidmate toeganklik te maak. Daglange byeenkomste word voorsien.

3.1.2.8 Befondsing: Uit fondse vir ringsprojekte.

3.1.2.9 Die inhoud van die streekskonvente sentreer rondom:

- Roeping
- Eenheidsvisie
- Belydenisgrondslag
- Behoeftebepaling op gemeentelike / plaaslike vlak

3.2 Patmos

3.2.1 Verwysing: SK-Dagbestuur Notule 2004-07-29 pt 5.1.2

3.2.2 Aanbeveling:

3.2.2.1 Die SK-Dagbestuur neem kennis dat Patmos nie beide die ring en die SK wil ontmoet nie (Verwysing: Afskrif van die skrywe van Patmos aan die ring van Algoa, soos deur ds TJ Pienaar jnr aan die SK gestuur as bylaag tot sy skrywe dd 2004-10-10 - Bylaag E).

3.2.2.2 Die kerkregtelike proses, wat deur die ring van Algoa bestuur word, geniet die voorrang. Die ring word versoek om die proses verder te hanteer en terugvoer te gee aan die SK in sitting op 25 November 2004.

3.2.2.3 Die besluit word ook aan die kerkraad van Patmos gekommunikeer.

3.3 Bevoegdheidsregister

3.3.1 Neem kennis dat die proses afgehandel is toe die besonderhede van leraars na die Jaarboek gestuur is.

3.3.2 Nie bevestigde leraars en proponente bly indiwidueel verantwoordelik om uitvoering aan die reglement te gee (AS Reglement 3 pt 11).

4. ALGEMENE SINODE

4.1 Sinodale Koerant

4.1.1 Die beplanning vir 'n uitgawe van 'n Sinodebod wat oor die Algemene Sinode handel, is ver gevorder en dit kan hopelik binne twee weke verskyn.

4.2 Gemeentekonferensies 2005

4.2.1 Die gedagte is tydens die Algemene Sinode

by Oos-Kapenaars gebore om ‘n gemeente-konferensie(s) te hou om terugvoer te gee oor die algemene sinode, teenwoordiges ‘n ervaring van die sinode te gee en roepingsgedrewenheid in ons kerk te bevorder.

4.2.2 Die moontlikheid van ‘n Gemeente-konferensie(s) met dr Coenie Burger in Port Elizabeth en Queenstown word ondersoek.

4.2.3 ‘n Verdere opsie wat ondersoek word: die moderatuur lei vier groot gemeentelike byeen-komste regoor die Sinodale gebied in die eerste kwartaal as uitvloeisel van die Algemene sinode. Dit val saam met die besoek van dr Burger, indien moontlik.

4.2.4 ‘n Finale besluit word by die November-vergadering van die SK geneem.

4.3 Sinodale ritme - ‘n Oos-Kaapse sinode vir 2005?

4.3.1 Die moderatuur sal die SK op 25 November 2005 bedien met ‘n voorstel oor die hou van ‘n sinodesitting in 2005.

4.3.2 Oorwegings ten gunste van ‘n sinode is die nuwe ritme van die Algemene Sinode en prosesse rondom kerkhereniging.

4.4 Pastorale brief aan leraars en kerkrade

4.4.1 Ds Hansie Schutte stel ‘n pastorale skrywe aan leraars en kerkrade op, Die skriba versprei dit elektronies en per pos (waar nodig).

4.5 Kerkwye Predikantevergadering : 20-22 Junie 2005

4.5.1 Die SK ondersteun die gedagte en beveel by kerkrade aan dat alle leraars hierdie vergadering bywoon.

4.6 Bosberaad ASK

4.6.1 Die Bosberaad vind van 1 tot 4 November plaas, op koste van die Algemene Sinode.

4.7 Besluiteregister Algemene Sinode

4.7.1 Die besluiteregister is ontvang en per e-pos versprei.

4.7.2 Die besluiteregister word gepos aan gemeentes wat nie oor e-pos beskik nie.

4.8 Vergaderingsprosesse : Algemene Sinode

4.8.1 Die Algemene Sinode was ‘n besondere ervaring en verteenwoordiger ‘n groot stap vorentoe. Die sinode was tydig en het ‘n toepaslike model vir die situasie waarin die NG Kerk haar tans bevind, gevolg.

4.8.2 Die Algemene Sinode het mettertyd in institusionele karakter verkry, met ‘n bestuur en struktuur. Dit is herbevestig met die proseskarakter wat nou inslag gevind het. Oor jare heen is daar wegbeweeg van die tradisionele Gereformeerde siening.

4.8.3 Dit word in ‘n proses moeiliker om oor aktuele kwessies soos kerkhereniging of homoseksualiteit te besluit.

4.8.4 Die parallelle prosesse beteken dat lede nie op hoogte is met alles wat gebeur nie. Besluite word sentraal geneem waarvan lede nie die agtergrond ken nie.

4.8.5 Afgevaardigdes kry nie geleentheid om leiers te evalueer nie.

4.8.6 Die spreekwoordelike “hempsknope” van die kerk is losgemaak, en dit is positief. Dit is deel van die transformasieperiode wat weer tot nuwe stabiliteit sal lei (die vasmaak van die knope).

5. KERKHERENIGING EN EKUMENE

5.1 Ontmoeting met moderatuurslede VGK-Kaapland

5.1.1 VGK: ‘n Ontmoeting word per telefoon-konferensie gereël – op koste van hierdie sinode. Di Lucas Plaatjie, Eddie Ngeva en Alfred Dyasi en die moderatuur is betrokke.

5.1.2 RCA: via die skriba van die RCA.

5.1.3 NGKA: via die skriba van die OVS sinode.

5.2 Oos-Kaapse Raad van Kerke

5.2.1 Ds Hansie Schutte het ‘n byeenkoms van die *Eastern Cape Provincial Council of Churches (*ECPCC) in Oos-Londen bygewoon en het besondere gasvryheid beleef.

5.2.2 Indien die SK aansoek doen om lidmaat-skap, sal die sinode geregtig wees op een lid in die Uitvoerende Komitee.

5.3 Skakeling met ander Oos-Kaapse kerkleiers

5.3.1 Aanbeveel dat die moderatuur deurlopend met kerkleiers ontmoet, bv. op die dag voor dagbestuur en SK-vergaderings. Die skriba reËl hierdie ontmoetings op koste van die sinode. Eerste ontmoeting: Woensdag 24 November.

6. ANDER SAKE

6.1 Aanbeveling: Vergaderdatums 2005

6.1.1 Dagbestuur

3 Februarie 2005
14 April 2005
28 Julie 2005
20 Oktober 2005

6.1.2 SK

19 Mei
24 November

6.1.3 Sinode

!8,19 Oktober 2005

6.2 Sinodale Werkswinkels

6.2.1 Vind van 7-10 Maart 2005 plaas.

6.2.2 Voorstel dat Louis Brittz gebruik word om ‘n werkswinkel oor lof- en aanbidding te lei.

6.3 “Issues” in Sinode

6.3.1 Chris van Wyk sal ‘n werksessie van 30 minute hieroor fasiliteer by die dagbestuur van 28 Oktober 2004.

7. AFSLUITING

Dr Schalk du Toit sluit die vergadering met gebed af.